Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Kyk- en Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4, 5 en 6) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Aanbevole tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS A

### INTERNET-SLIM

1. Die internet is 'n wonderlike wêreld. Die hele wêreld se biblioteke en 'n boekrak se foto-albums pas in jou sak. Ook jou hele familie se geselsies is in jou hand. Maar die internet is ook 'n gevaarlike plek. Daarom is dit nodig om jou inligting te beskerm.



2. "Daar is twee dinge wat ons móét weet wanneer ons die kuberruim binnegaan," sê dr. Basie von Solms, direkteur van die sentrum vir rekenaarveiligheid by die Universiteit van Johannesburg. "Die internet is 'n onveilige plek en wanneer jy die internet gebruik, is jy nooit anoniem nie."

3. "Inligting is die goudmyn van ons tyd," sê Basie. "Jou naam, adres, telefoonnommers, ID-nommer en bankdetails is wat kuberdief gebruik."

4. "Wanneer jy die internet gebruik om na iets te soek of wanneer jy woorde intik, word jou inligting iewers gebêre. Hierdie inligting kan deur kuberkrakers gebruik word om 'n profiel te skep."

5. 

Wanneer jy dus enige webwerf oopmaak, vorm dit deel van jou digitale vingerafdruk. "Dit beteken ook dat jou digitale vingerafdruk die hele internet vol lê. En jy sal jou inligting veilig moet hou."

6. "Moet nooit dieselfde wagwoord vir alles gebruik nie! Jy gebruik dalk 'n wagwoord vir aankope of banksake op 'n webwerf wat streng sekerheidsreëls het. Maar jy gebruik miskien dieselfde wagwoord om by 'n webwerf in te teken wat nie goeie sekuriteit het nie."

Onthou:

7. Kies 'n wagwoord met 'n kombinasie van letters, syfers en karakters (iets soos #, % en @) en gebruik dit vir webwerwe waar jy transaksies doen vir byvoorbeeld jou banksake.

8. "Die beste is 'n program op jou rekenaar wat jou wagwoorde hanteer," sê Mike. Hier adviseer hy om LastPass of 1password te gebruik. Dit is 'n veilige program wat as 'n virtuele kluis gebruik word. Jy behoort dus net een wagwoord te onthou om die kluis mee oop te sluit.



9 WhatsApp gebruik internet. Wat vir jou soos 'n veilige geselsie tussen vriende voel, is definitief nie anoniem nie. Basie waarsku ook: "Enigiets wat jy op WhatsApp stuur, bly op die ontvanger se foon. Hy kan dit maklik-maklik aanstuur. Dink twee keer voordat jy 'n sensitiewe foto of boodskap stuur."

10 Facebook is 'n wonderlike manier om te weet wat in jou vriende en familie se lewe aangaan en om hulle meer oor joune te vertel. Maar dit is nie net jou vriende wat jou boodskappe sien nie, die hele wêreld kan dit sien. Mike sê ook: "Aanvaar vriendskap slegs van mense wat jy persoonlik ken."

11 

"Wees versigtig oor nuus en inligting wat jy deel. Baie foto's en nuus is vals, en jy wil nie die een wees wat onwaarhede versprei nie." Verifieer die bron. Opskrifte en sensasionele foto's word gebruik om reaksie uit te lok. Lees eers die hele storie voordat jy dit aanstuur.

12 Jou bank sal jou nooit vra om op 'n e-pos te reageer nie. Banke stuur slegs e-pos vir informasie. As jy onseker is, kyk goed na die e-posadres. As dit nie dieselfde adres is waarvandaan jy gewoonlik bankdokumente ontvang nie, vee die e-pos dadelik uit. Kyk ook na die webadres. As daar 'n slotjie-teken of "https" voor die webadres staan, is dit veilig.

13 Basie sê: "Om jou kind 'n slimfoon te gee, is asof jy hom in Johannesburg se middestad sonder 'n roetekaart aflaai. Dit is gevaarlik! Daarom moet jy weet hoe die tegnologie werk." Mike stel voor: "Besluit saam dat jy enige tyd na jou kind se boodskappe mag kyk, sodat jy hom of haar kan help om die slimfoon op 'n positiewe manier te gebruik."

14 "Oorweeg ook 'n x-plan. Dit beteken dat jou kind 'n "x" vir jou kan stuur wanneer hy onveilig voel. Julle kan vooraf besluit wat jy sal doen wanneer jou kind dié boodskap stuur."

15 **Mike se raad:**

- As iemand jou op WhatsApp pla, gebruik die "blok"-funksie.
- Wees versigtig met foto's! Alle mense is nie sleg nie, maar 'n glips op WhatsApp gebeur baie vinnig en jy kan dit nie keer nie.
- As jy WhatsApp op die werksfoon gebruik, onthou jou kontrak met jou werk.

[Verwerk uit http://lig.christians.co.za/jou-wereld/]

## VRAE

1.1 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat die internet beskryf. (1)

1.2 Wat beteken: *Die hele wêreld se biblioteke en 'n boekrak se foto-albums pas in jou sak?* (1)

1.3 Noem TWEE dinge wat ons moet onthou as ons die kuberruim binnegaan. (2)

1.4 Hoe kan 'n kuberdief jou inligting gebruik vir sy eie voordeel? (1)

1.5 Hoekom, dink jy, is bankwebwerwe veiliger om te gebruik? (1)

1.6 Waarna verwys *goudmyn* in paragraaf 3? (1)

1.7 Na wie verwys *kuberkrakers* in paragraaf 4? (1)

1.8 Wat kan met ŉ mens gebeur as jy vals nuus of foto's op die internet versprei? (1)

1.9 Wat, dink jy, is ŉ *digitale vingerafdruk*? (paragraaf 5) (1)

1.10 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die antwoord neer.

Dit is beter as ŉ mens ŉ kombinasie van letters, syfers en karakters vir jou wagwoord gebruik omdat dit (maklik vir jou is om te onthou / moeilik vir ŉ vreemdeling sal wees om te onthou). (1)

1.11 Noem TWEE dinge wat jy moet doen om seker te maak dat ŉ e-pos regtig van die bank kom. (2)

1.12 Waarom, dink jy, is slimfone gevaarlik vir tieners? (1)

1.13 Op watter manier, dink jy, kan Facebook gevaarlik wees? Beantwoord in ŉ volsin en in jou eie woorde. (1)

1.14 Hoe weet ons ***LastPass*** is ŉ veilige program om te gebruik? Haal TWEE AGTEREENVOLGENDE woorde uit paragraaf 8 aan as jou antwoord. (1)

1.15 Noem TWEE dinge wat jy moet onthou as jy WhatsApp gebruik om jouself te kan beveilig. (2)

1.16 *Om jou kind ŉ slimfoon te gee, is asof jy hom in Johannesburg se middestad sonder ŉ roetekaart aflaai.* (paragraaf 13)

1.16.1 Is die bogenoemde stelling LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.16.1. (1)

1.17 Hoekom moet die kind **slegs** ŉ "x" stuur as hy in die moeilikheid is? (1)


1.18 Wat, dink jy, kan ouers doen as hulle ŉ "x-" boodskap van hulle kind kry? (1)

1.19 Hoekom, dink jy, is daar ŉ slotjie-teken voor ŉ webadres soos byvoorbeeld ŉ bank se adres? (1)

1.20 Hoe pas die artikel se titel, *Internet-slim*, by die res van die artikel? (1)

Kyk goed na die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B**




**VRAE**

1.21 Verwys na die *tipiese maandelikse begroting*.

1.21.1 Hoekom word 'n selfoon-ikoon gebruik? (1)

1.21.2 Waarop spandeer alle studente die meeste geld? (1)

1.22 Verwys na *besteding onder manstudente teenoor vrouestudente.*

1.22.1 Waarop spandeer mans- en damestudente dieselfde hoeveelheid geld? (1)

1.22.2 Hoe weet jy dat manstudente meer klere en skoene koop as damestudente? (1)

1.23 Kies die korrekte verklaring vir die onderstreepte woorde in die onderstaande idioom.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, bv. 1.23 E.

Hy koop alles met **vuil geld**.

A Geld wat op dwelms spandeer is.
B Die geld is vuil omdat dit op die grond geval het.
C Geld wat op 'n oneerlike manier verdien is.
D Geld wat aan straatkinders gegee is. (1)

1.24 Uit watter bron is die inligting saamgestel? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

### INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf SEWE wenke oor **hoe ouers geweld met hul kinders kan hanteer** in jou EIE VOLSINNE neer.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die **korrekte** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**HOE OUERS GEWELD MET HUL KINDERS KAN HANTEER**

Moord op televisie is altyd groot nuus. Kinders wat ander seermaak of boelie, is ŉ redelik algemene verskynsel. Maar hoe kan ouers hulle kinders help?

Kyk saam met jou kinders televisie sodat jy vir hulle kan verduidelik dat die akteurs nie regtig seergekry het nie, maar dat sulke soort geweld in die regte lewe régtig seer- of doodmaak. Verduidelik ook dat dit nié die manier is om probleme op te los nie. Kinders verstaan nie altyd hoekom daar geweld is nie, daarom moet jy met jou kinders oor geweld op nuusprogramme gesels en verduidelik dat dit nie ŉ manier is om jou probleme op te los nie.

Ouers moet op die uitkyk wees vir tekens dat televisieprogramme vrese by hul kind aanwakker – dinge wat byvoorbeeld slapeloosheid, bednatmaak of huilerigheid tot gevolg het. Deesdae is daar baie musieksoorte bv. *Hip-hop* en *Rap* wat ook lelike vloekwoorde gebruik en geweld en dwelmgebruik as aanvaarbaar uitbeeld. Ouers moet kennis neem van watter gewelddadige musiekvideo's jou tiener na kyk, luister en aflaai. Dan kan jy jou kinders help om tussen goeie en slegte musiek te onderskei.

Maak seker dat jou kind positiewe rolmodelle het. As ouers ten alle koste hulle sin probeer kry, of hulle woede ontlaai deur gewelddadig op te tree, sal kinders ook so reageer. Indien die kinders aggressie gebruik om uiting aan hulle emosies te gee, help hulle om te leer om te kommunikeer. Só versterk jy aanvaarbare optredes.

Leer jou kinders om, voor hulle geweld gebruik, hulle eie foute te herken. Help hulle om hulleself in ŉ omgekeerde situasie in te dink, met ander woorde wanneer húlle die slagoffer van ŉ bepaalde soort optrede is.

[Verwerk uit *LIG,* Julie 2014]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Die vrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Taalgenoot*, Lente, 2017]

## VRAE

3.1 Kies die korrekte verklaring vir die onderstaande idioom.
Skryf slegs die vraagnommer (3.1) en die korrekte antwoord neer, bv. 3.1 E.

***Die son trek water*.**

A Dit word donker.
B Die son kom oor die water op.
C Die son skyn in die dam.
D Die son trek al die water uit die grond uit. (1)

3.2 Voltooi die sin:

Die advertensie is ŉ voorbeeld van ŉ manipulerende teks. Dit beïnvloed die leser om ... (1)

3.3 Waarom, dink jy, is die gebruik van alliterasie in die sin ***speel saam in ons propvol-PRET-park*** funksioneel? (1)

3.4 Hoe trek die woorde ***lekkerder vir langerer*** die leser se aandag? (1)

3.5 Hoekom, dink jy, staan daar in die advertensie ***lekkerder vir langerer***? (1)

3.6 Vorm EEN WOORD van die woorde tussen hakies in die volgende sin:

Klim en klouter na (**hart + lus**) by die klouterpaleis. (1)

3.7 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Span uit op die lower groen grasperke in die uitspan-sonarea. (1)

3.8 Wie is die teikengroep van die advertensie? (1)

3.9 Wat, dink jy, is die doel dat daar so baie beskrywende woorde gebruik word?

Wees ***vreesloos*** op een van twee ***blitsvinnige, seepgladde*** waterwurms. (1)


3.10 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE vorm:

Die gesin geniet die musiek by die amfiteater. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIE

Die vrae wat volg, is op die strokies hieronder gebaseer.

### TEKS E




[Bron: www.gocomics.com/andycapp/2017/10/03]

### VRAE

4.1 Noem EEN VISUELE TEKEN in STROKIE 1 RAAMPIE 1 wat wys dat Andy baie seergekry het. (1)

4.2 Wat bedoel Flo as sy vir Andy sê: "Wel, jy wil mos **altyd** kroek." ? (1)

4.3 Hoekom kom daar meer as een UITROEP- en VRAAGTEKEN in STROKIE 1 RAAMPIE 2 voor? (1)

4.4 Die woord ***kroek*** in die volgende sin word as 'n werkwoord gebruik: *Jy wil mos altyd kroek.*

Gebruik die woord ***kroek*** in 'n sin as 'n selfstandige naamwoord waar die betekenis duidelik na vore kom. (1)

4.5 Wat beteken die simbool  in STROKIE 2 RAAMPIE 3? (1)

4.6 Wat impliseer Andy wanneer hy die geluid ***Oink***! maak in STROKIE 2 RAAMPIE 6? (1)

4.7 Skryf die KORREKTE AFRIKAANSE WOORD vir die woord ***hi*** in STROKIE 2 RAAMPIE 4 neer. (1)

4.8 Kies die KORREKTE SPELLING in die volgende sin. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte spelwyse as jou antwoord neer. (1)

Die snoekerspel het in 'n bakleiery (**geëindig / geeïndig**).

4.9 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE:

Flo vra vir Andy: "Sal jy gelukkig wees om in 'n varkhok te bly?"

Begin die sin so: Flo vra vir Andy ... (1)

4.10 Kyk na STROKIE 2 RAAMPIE 3: Hoe weet ons dat die stofsuier aangeskakel is? (1)

**[10]**

## VRAAG 5: PROSA

Die vrae wat volg, is op die prosastuk hieronder gebaseer.

### TEKS F

**DIE WILDEKUS VAN SUID-AFRIKA**

Die Wildekus bied die (5.1 mooi) landskap aan rugsakreisigers – dit is regtig een van Suid-Afrika se mooiste gebiede. Die Wildekus het sy naam omrede sy prentjiemooi tonele, skeepswrakke en (5.2 wegsteek) strandmere gekry. (5.3 In hierdie streek kan jy 'n tradisionele Xhosa-gemeenskap teëkom, en die (5.4 vrou) dra kleurvolle klere en rook langsteelpype.) Daar is (5.5 akkommodasie / akomodasie) by Koffiebaai, waar (5.6 mense wat reis) op uitstappies na die Mthatha-riviermonding, Mapuzi-hange en *Hole in the Wall* kan gaan. Die (5.7 laasgenoemde) natuurwonder is nie net pragtig om te sien nie maar ook die geboorteplek van stories en legendes. Die Xhosa-naam is esiKhaleni, wat "plek van klank" beteken en volgens die inwoners is dié sandsteenformasie die (5.8 uitgang) tot die geestelike wêreld.

[Verwerk uit https://www.lekkeslaap.co.za/akkommodasie-in/oos-kaap/meer-oor]

5.1 Gee die OORTREFFENDE TRAP vir **mooi** in die sin. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die Wildekus bied die **mooi** landskap aan rugsakreisigers. (1)

5.2 Gee die VERLEDE DEELWOORD van **wegsteek** in die onderstaande sin. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die Wildekus het sy naam omrede sy prentjiemooi tonele, skeepswrakke en **wegsteek** strandmere gekry. (1)

5.3 Vervang die VOEGWOORD **en** met die woord **waar** en skryf die sin taalkundig korrek oor.

In hierdie streek kan jy 'n tradisionele Xhosa-gemeenskap teëkom **en** die kinders dra tradisionele klere. (1)

5.4 Skryf die KORREKTE MEERVOUD vir die vetgedrukte woord in die volgende sin neer. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die **vrou** dra kleurvolle klere en rook langsteelpype. (1)

5.5 Kies die KORREKTE SPELWYSE vir die woorde tussen hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord neer

Daar is (**akkommodasie / akomodasie)** by Koffiebaai. (1)

5.6 Gee EEN WOORD vir die onderstreepte woord. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Daar is verblyf by Koffiebaai vir **mense wat reis**. (1)

5.7 Gee die AFKORTING van die onderstreepte woord. Skryf slegs die afkorting as jou antwoord neer.

Die **laasgenoemde** natuurwonder is pragtig om te sien. (1)

5.8 Skryf die ANTONIEM van die onderstreepte woord neer. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Volgens die inwoners is dié sandsteenformasie die **uitgang** tot die geestelike wêreld. (1)

5.9 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

(Elke jaar) besoek duisende mense die Wildekus. (1)

5.10 Herskryf die volgende sin in die NEGATIEF / ONTKENNING.

Ek het al die Wildekus besoek. (1)

5.11 Vorm 'n PERSOONSNAAM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Baie **buiteland** besoek die Wildekus. (1)

5.12 Herskryf die volgende sin met die korrekte INFINITIEF.

In hierdie streek kom jy 'n tradisionele Xhosa-gemeenskap teë.

Begin so: In hierdie streek behoort jy ... (1)

5.13 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Dit is een van Suid-Afrika se mooiste gebiede. (1)

5.14 Verbeter die PUNKTUASIE in die volgende sin. Herskryf die hele sin met die punktuasie op die korrekte plek.

Die natuurwonder is nie net pragtig om te sien nie maar ook die geboorteplek van stories en legendes. (1)

**PRENT**

Die vrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.

**TEKS G**




[Bron: *Afrikaans is lekker*, LB. Gr 12. 2007]

5.15 Herskryf die volgende sin in ŉ VRAAGSIN.

Die man hou die selfoon met sy tone vas. (1)

5.16 Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

Die bestuurder van die motor is **<u>dronk</u>**. (1)

5.17 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Die verkeersman stop die motor. (1)

5.18 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

ŉ Mens moet nie op ... selfoon praat terwyl jy bestuur nie. (1)

5.19 Gee die VERKLEINWOORD van die onderstreepte woord. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Die verkeersman se **<u>radio</u>** hang aan sy sy. (1)

5.20 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Die man hou die (**bestuurwiel/stuurwiel**) vas. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**